# *Hoé* weet ons die Bybel is die Woord van God?

## Erkenning van die gesag van die Skrif en die Heilige Gees

**Voordrag gehou by die konferensie oor Skrifgesag op 24 September 2014 by die Gereformeerde Kerk Bet-el**

**deur**

**Dr AH Bogaards**

## Inleiding

Ek praat oor die onderwerp: **Hoé weet ons die Bybel is die Woord van God?**

Ek laat die klem val op die **hoé**: **hoé** weet ek dit? Die antwoord is baie eenvoudig: ons weet dit **nét deur die getuienis van die Heilige Gees**. **Hý** bring ons tot erkenning van en tot geloof in die gesag van die Skrif. Erkenning van die gesag van die Woord is van begin tot einde **'n saak van geloof**. Jy glo dit of jy glo dit nie. Só ernstig is die saak van Skrifgesag.

## 1. Gesag en Skrifgesag

Die woord **gesag** beteken: **om seggenskap te hê oor iemand**, oor wat hy moét doen en wat hy nié mag doen nie.

Daarmee is egter nog nie alles gesê nie. Gesag – ware gesag - het ook alles met **reg** te maak: om **die rég tot seggenskap** te hê.

Om een voorbeeld te noem: **Ouers** het gesag - **seggenskap** - oor hulle kinders. Daardie gesag is **in reg gegrond**: Gód het ouers daardie reg gegee in die vyfde gebod.

En nou kom ons by **Skrifgesag** – **die gesag van God**. In die Skrif word sy gesag geopenbaar.

1. God se gesag en sy gesag soos dit gestalte vind in die Woord, is **gegrond in sy reg as Skepper**: immers, ***Hý*** het ons geskep en daarom het ***Hý*** alleen die reg om vir ons te sê wat tot sy eer is en wat nodig is tot ons verlossing.

2. Maar vir ons as volk van God is daar nog meer: God se gesag is **ook gegrond in sy herskepping**. Hy het ons gekoop met die kosbare bloed van Christus; daarom is Hy ons Here, ons Eienaar, wat reg het oor ons.

In die Woord sê Hy met gesag vir ons – in die woorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2 - **so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is**

1. **tot sy eer en**
2. **tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.**

Dit sluit dus in: om te doen wat Hy ons beveel. Dit behels óók: om te buig voor sy verlossingsweg, voor sy Christus en sy Verlossingswoord. In Johannes 5 vers 23 sê Jesus: ***Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie***.

Maar nou die groot vraag van vandag: **Hoé kom ons tot erkenning van hierdie gesag?**

Daarop antwoord ons Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel 5: Ons glo sonder twyfel alles wat in sy Woord vervat is ... **<u>besonderlik</u> (heel in die besonder) deurdat die Heilige Gees in ons hart getuig** dat die Woord met sy 66 boeke van God is. Kom ek omskryf dit so: **die getuienis van die Heilige Gees is <u>die uitsluitlike oorsaak</u> dat ons glo dat die Woord met sy 66 boeke van God is**.

By hierdie **getuienis van die Heilige Gees** en **<u>hoé</u> Hy getuig en oortuig**, kom ek in die vervolg.

1. In die eerste plek gaan ek daarna kyk aan die hand van die Heidelbergse Kategismus en dan
2. aan die hand van die Skrif.

## 2. Ons Heidelbergse Kategismus

### 1. Ons is van nature onbekwaam tot erkenning van die gesag van die Skrif

In vraag en antwoord 8 van die Heidelbergse Kategismus bely ons: ***ons is só verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad***.

Hierdie onbekwaamheid sluit ook in: **ons totale onvermoeë en ons absolute onwil om die gesag van die Skrif te erken**.

Voor hierdie gesagvolle Woord kan en wil die mens van nature egter nie buig nie.

Hoe kom ons dan wel so ver om onder die Woord te buig, om die gesag daarvan te erken?

Die Kategismus sê dit eweneens in vraag en antwoord 8: **ons moet wedergebore word deur die Heilige Gees**.

Dit bring ons by

## 2. die hoé van die wedergeboorte

soos die Kategismus ons dit op grond van die Skrif laat sien.

Ons moet die wedergeboorte nie verkeerd verstaan nie. Dit is **nié** ’n wedergeboorte los van die Woord nie. Die Gees is die Gees van die Woord. Hy is die Gees van Christus, die Woord van God. In Johannes 14 vers 26 sê Jesus presies wat die Gees sal doen: ***... Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het***. En in Johannes 15:26 noem Jesus die Gees ***die Gees van die waarheid wat van Hom sal getuig***. Christus is die waarheid.

Onder ander in die eerste brief van Petrus hoofstuk 1 leer die Skrif ons ***hoé*** ons wedergebore word: God die Vader skenk ons die wedergeboorte deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode (v 3). En in vers 23 word die Woord die saad van die wedergeboorte genoem.

En nou die Kategismus:

- Afdeling 1 van die Kategismus handel oor die **noodsaak** van ons **wedergeboorte**.
- Afdeling 2 handel oor **die hoé** van ons **wedergeboorte**: ons word wedergebore **deur die Heilige Gees en die verlossingswerk van Christus**.

**Twee belangrike benamings** kom in hierdie tweede afdeling ter sprake: **ou mens** en **nuwe mens**. Dit is besonder ter sake vir ons onderwerp.

- Die **ou mens** is ons soos wat ons deur die sondeval geword het. Die ou mens is die **rebel** in ons, wat **die gesag van die Woord nie erken nie**.
- Die **nuwe mens** is die mens in ons, wat deur God se genade **buig onder die gesag van die Woord**.

En nou gaan dit in afdeling 2 oor ons **wedergeboorte**. Wat is wedergeboorte? Dit is die **afsterwe van die ou mens** en die **opstanding van die nuwe mens**.

En beide het met ons Here Jesus Christus en sy verlossing te make:

- In **vraag en antwoord 43** hoor ons in verband met ons **ou mens**: Deur die krag van Christus se kruisdood word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige, rebelse begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy.
- En in **vraag en antwoord 45** staan in verband met ons **nuwe mens**: ons word deur die krag van Christus se opstanding tot 'n nuwe lewe opgewek.

Dit is **hiérdie** waarheid en dit is **hiérdie** die lering van Christus, waaraan die Heilige Gees ons herinner.

Die Gees bring die Woord. Die Gees is die Gees **van die Woord**. Dit is Gees **én Woord**.

Maar dit is ook Woord **én Gees**. Sonder die Heilige Gees sou die hele verlossingswerk van Christus buite ons lewe bly staan het. Maar daarom het Christus sy Gees met sy Woord gestuur. Ook sy werk staan in die verlossingsgedeelte, in **vraag en antwoord 53** waar ons van die Heilige Gees bely: Hy is aan my gegee, sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade.

Deur die Woord skep die Heilige Gees die gelowig buig onder die gesag van die Woord van kruis en opstanding in ons.

Nou kom ons by enkele Skrifgedeeltes:

## 3. Skrif

Kohlbrugge het ‘n mooi boek geskryf: *Waartoe die Ou Testament?* Daarin bewys hy dat onder andere die ongelowige Jode (soos die Fariseërs), die gelowige Joodse tydgenote van Jesus (soos Simeon), Jesus self en die Bybelskrywers die Ou Testament gesien het as

1. die gesagvolle Woord van God,
2. wat die Messias as inhoud het.

Ek lig een aangrypende voorbeeld uit uit die talle wat Kohlbrugge opnoem: **Simeon**.

In Lukas 2:25 staan van hom geskrywe: Simeon het ***die vertroosting van Israel*** (die Christus) ***verwag*** (vgl. Jes. 40:1; 49:13; 51:12; 54:11; Hag. 2:8). Met hierdie uitdrukking gee die evangelis duidelik te kenne: Simeon het die boeke van Moses en die profete as die betroubare, ***gesagvolle Woord van God*** beskou het, want hy het die vervulling van die belofte daarin as baie naby beskou.

Simeon was so vol van hierdie geloof, verklaar Kohlbrugge, dat hy nie kon ophou bid dat hy die vervulling van hierdie belofte aangaande die Vertroosting mag belewe nie. En, sê Kohlbrugge, iemand wat so bid, bewys daarmee dat hy die woorde van Moses en die Profete as ***die waaragtige woorde van God*** beskou.

Dan laat Kohlbrugge sien wat vir Simeon die **inhoud** van die Ou Testament was: Simeon het begeer om die **Gesalfde** van die Here **met sy eie oë** te aanskou. Dit bewys dat hy die Ou Testament, onder andere Jesaja 33:17, **Messiaans, van Christus, verstaan** het, want daar in Jesaja staan: ***Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou***. In Lukas 2:30 jubel Simeon dit uit dat sy oë nou inderdaad die heil van God gesien het. Uit hierdie woorde van Lukas 2:30 is dit vir Kohlbrugge duidelik dat Simeon ook Jesaja 52:10 geken en ***Messiaans verklaar*** het: ***Die HERE het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies, en al die eindes van die aarde sal sien die heil van onse God***.

In Lukas 2:28 staan: Simeon het die Kind Jesus in sy arms geneem en God geloof. Dit is diep aangrypend wat Kohlbrugge van hierdie daad van Simeon skryf. Daarmee sê Simeon: Die boeke van Moses het vir hom in vlees en bloed oorgegaan. Simeon staan daar met die vervulde Ou Testament, met die inhoud van die Ou Testament, in sy arms. Voor sy oë sien hy in vlees en bloed dat God se Woord waaragtig en betroubaar is. En hy erken dit deur God te prys en hy erken dit in al die tekste wat hy aanhaal – Ou Testamentiese tekste wat hy vervuld sien in die vleesgeworde Woord in sy arms.

1. Simeon **sien met sy oë** die **gesag** van die Ou Testament en
2. hy **aanskou met sy oë** die **inhoud** van die Ou Testament.

Hoe kan dit wees dat teoloë in ons tyd die Messias nie meer sien in die Ou Testament nie? **Hoé sien die ou Simeon Christus wel** in die Skrifte, ook, ja ook – let wel - toe Christus nog nie eens daar was nie en nog nie in sy hande was nie? Waar kom hy aan sy Messiasverwagting, sy verwagting van die Vertroosting van Israel? Dit sê Kohlbrugge in 'n preek oor Lukas 2:25: **Dit was uit die Heilige Gees**. Die Heilige Gees was op Simeon. Dit was God die Vader wat Simeon vanuit sy genadetroon deur die Heilige Gees aangespoor het en in sy sondeverlorenheid na die profetiese Geskrifte van die Ou Testament gedryf het. En **dáár** – **dáár** in die Ou Testament – het Simeon gelees van die heerlikheid van Christus en van die magtige vertroosting van sy leer. Deur

daardie profetiese Skrifte het die Vader Simeon aangespoor om die dag van die koms van sy Seun in die vlees te begeer.

As iemand wil weet hoe die lesers in daardie tyd die Messiaanse gedeeltes verstaan het, hier kan hulle dit lees - in die geïnspireerde Nuwe Testament.

Ek gaan 'n bietjie weg van Kohlbrugge, maar ek glo wel dat die volgende in die gees van Kohlbrugge is. Waarom het die Jode nie geglo dat Jesus die Messias van die Skrifte is nie? Stefanus lê sy vinger op die wond, wanneer hy in sy preek in Handelinge 7 sê: Julle hardnekkiges, ***julle weerstaan altyd die Heilige Gees*** (v.51). En dan gaan Lukas verder: Stefanus ***het die <u>oë</u> na die hemel gehou en die heerlikheid van God <u>gesien</u> en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En Stefanus het gesê: Kyk, ek <u>sien</u> die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan***" (vv.55-56). Stefanus kyk reguit in die hemel in en – hy **<u>sién</u>** die Ou Testamentiese Psalm 110. Met sy **<u>oë</u>** aanskou hy die vervulling van daardie Messiaanse Psalm: Jesus aan die regterhand van God. **<u>Hoé</u> sien hy** dit? Lukas onthul die geheim, wanneer hy sê: **Stefanus was vol van die Heilige Gees - en het <u>gesien</u>**.

Simeon sien en Stefanus sien. Beide van hulle sien op dieselfde manier: alleen deur die Heilige Gees. Beide sien dieselfde: Hulle sien die Ou Testament in sy betroubaarheid en in sy vervulling, na sy inhoud: Christus. Simeon hou die beloofde Christus in sy <u>hande</u> (Luk.2:28) en Stefanus gee homself oor in die <u>hande</u> van die Vors van Psalm 110 (Hand.7:59).

## Slot

Ons staan vandag by daardie dele van die Woord stil, wat handel oor die amp van ouderling en wie in daardie amp mag staan.

- **Hoé** weet ons dat dít die gesagvolle en altyd geldende Woord van God is? **Nét** deur die Woord-getuienis van die Heilige Gees.
- **Hoé** buig ons onder daardie gesagvolle Woord? **Nét** deur die wedergeboorte deur Gees en Woord.
- **Dit is ‘n saak van geloof: jy glo dit of jy glo dit nie.**